NASIONALE NATIONAL **MUSEUM** NUUS NEWS

## APRIL 1982

Redakteur/Editor — Barnie Stevens
Kunstenaar/Artist — Audrey van Eeden
Fotograaf/Photographer — Jakkie Pretorius
Voorblad/Cover —
Janfrederik *(Cossypha caffra)* Cape Robin

Museumnuus is 'n gratis ses-maandelikse nuusbrief van die Nasionale Museum, Posbus 266, Bloemfontein, 9300. Tel. (051)79609. Enige foto's of inligting in hierdie nuusbrief mag met erkenning van die bron gepubliseer word.

Museum News is a free bi-annual newsletter of the National Museum, P O Box 266, Bloemfontein, 9300, Tel. (051)79609. Any photographs or information published in this newsletter may be reproduced with acknowledgement of the source.

## VERKOOPSTOONBANK

In die voorportaal van die Museum is 'n verskeidenheid van boeke en aandenkings te koop. Besoek gerus die verkoopstoonbank wanneer u geskenke wil koop.



## NUWE AANSTELLINGS

Bo: Johan Watson, navorser in soogdierkunde; Gwen Bester, administratiewe assistent en Johan van Wyk, navorser in herpetologie.

Onder: Fred Vorster, spesiale vakman; Antoinette van Rensburg, tegniese assistent in entomologie en Henry Pretorius, ambagsman op Florisbad.

## IN MEMORIAM



Mnr. A.J.H. Maree, opsigter by die Eerste Raadsaal en by die Museum sedert 1 April 1960 is ons op 28 November 1981 deur die dood ontneem. Hy was vir 32 jaar verbonde aan die plaaslike argief voordat hy by die Nasionale Museum begin werk het.

Langs hierdie weg betuig die Raad en personeel hulle diepste meegevoel aan die eggenote, familie en vriende van Oubaas Maree.